Verkragter vry oor woord

Hoef nie 20 jaar te sit omdat landdros van sy 'vuil' deel praat

Jeanne-Marié Versluis

'N Man wat weens verkragting en roof tot 20 jaar tronkstraf gevonnis is, is vry nadat die landdros tydens sy verhoor na die beskuldigde se "filthy penis" verwys het.

Dié soort taal moet ten sterkste gesensor word, het regter Moses Mavundla in 'n uitspraak van hom en waarnemende regter T. Phalane in die hooggeregshof in Pretoria gesê.

Die hooggeregshof het gesê streeklanddros M.K. Makhwentla van Sebokeng se stellings toon 'n "mate van arrogansie en gebrek aan respek" teenoor mnr. Kenneth Mapule Makau.

Dié stellings het meegebring dat Makau, " 'n andersins skuldige persoon", vrygelaat moes word.

Makau is voorheen tot 16 jaar tronkstraf weens die verkragting van 'n 18-jarige vrou en vier jaar weens die roof van haar selfoon gevonnis.

Makau het die hooggeregshof gevra om die streekhofverrigtinge te hersien omdat die landdros volgens hom in die vervolging ingemeng het en bevooroordeeld teenoor hom was.

Die landdros het Makau tydens die verhoor onder meer gevra of hy dink "dit is 'n goeie ding" om sy "filthy penis" in 'n dame se mond te sit.

Phalane het in die hooggeregshof-uitspraak gesê die seksdade wat Makau opeenvolgend met die vrou uitgevoer het, was aanstootlik vir die landdros se persoonlike morele waardes en standaarde.

Dit was te erg vir die landdros en gewone lede van die publiek sou "ongemaklik" oor Makau se gedrag gewees het. Die landdros is egter nie 'n gewone lid van die publiek nie en kan nie persoonlike morele waardes en standaarde op getuies en die beskuldigde afdwing nie.

Die landdros het 'n goed beredeneerde uitspraak op die meriete van Makau se verhoor gelewer, maar dit is "bederf" deur sy vroeëre stellings en vrae, het Mavundla gesê.

'n Voorsittende beampte moet respek toon vir dié wat voor hom in die hof verskyn, ongeag hul omstandighede. Daar is geen ruimte vir "kleinerende taal" teenoor litigante, getuies en regsverteenwoordigers nie, het Mavundla gesê.

Makau se skuldigbevinding aan verkragting en roof is tersyde gestel en hy is vrygespreek.

Sy is eerste SA vrou wat al die hoogste pieke klim

Erika Gibson

Dit was nie net op die rugby- en krieketveld waar Suid-Afrikaners die afgelope naweek geseëvier het nie. Nege landgenote het stilweg Everest, die hoogste bergpiek ter wêreld, bereik en minstens twee van hulle het sodoende geskiedenis gemaak.

Me. Mandy Ramsden, 'n bankier van Johannesburg wat Everest Saterdagoggend van die suidekant af oorwin het, het die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat die hoogste bergpieke op al sewe vastelande suksesvol kon uitklim. Mnr. Sean Disney het die eerste Suid-Afrikaner geword wat dieselfde sewe pieke al twee keer uitgeklim het.

In die aanloop tot die naweek was daar aan die noorde- en suidekant van die berg byna 100 klimmers op pad boontoe.

Slegte weer vroeër verlede week ten spyt het die berg die klimmers die naweek met oop arms verwelkom met ideale klimweer, het me. Jenny Paterson, woordvoerder van die Adventure Dynamics International-ekspedisiegroep (ADI), gister gesê.

Ramsden was deel van 'n Nieu-Seelandse groep geborg deur Adventure Consultants. Saam met haar het Tony Hampson-Tindale van Johannesburg, nog 'n Suid-Afrikaner, sy sesde van die sewe pieke baasgeraak.

Eergisteroggend het Louis Carstens, ook van Johannesburg, die derde Suid-Afrikaner in 'n derde groep, die piek bereik.

Die ADI-groep was onder die ervare aanvoering van Disney, 'n Johannesburgse ekspedisieleier en -gids.

Op die wêreld se hoogste bergpiek: Everest! Me. Mandy Ramsden van Johannesburg het Saterdag die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat al sewe vastelande se hoogste bergpieke kon uitklim. Foto's: ADVENTURE CONSULTANTS

Saam met hom was daar aanvanklik nog sewe Suid-Afrikaners, maar twee moes weens hoogtesiekte onttrek.

Disney en vyf van sy Suid-Afrikaanse mede-klimmers het Everest gisteroggend omstreeks 07:15 in "lieflike" weer oorwin. Hulle is Barend Engelbrecht (voorheen van Pretoria, maar hy woon nou in Engeland); Ben Swart van Pretoria; Arthur Marsden, Lance Metz en Vaughan de la Harpe van Johannesburg.

Volgens Paterson het sewe van die groep se sjerpas ook die piek bereik. Die meeste klimmers sou dit nooit sonder hulle gemaak het nie en hulle laat die sjerpas juis toe om saam tot bo te klim omdat dit vir hulle beter werkverwysings in die toekoms beteken.

Teen gisteroggend het Disney se groep tot op 8 300 m gedaal – reeds 'n goeie ent laer as die hoogste piek se 8 850 m.

Die spanlede het verskeie van die sewe pieke geklim ter voorbereiding op Everest, waaronder Berg Vinson in Antarktika.

Disney se groep is al sedert einde Maart in Nepal om vir hul aanslag voor te berei.

Ramsden